





(1) Voltooi die uitvoer van die gegewe vloeiagramme nadat die gegewe reël toegepas is:



(2) Bepaal die reël wat in elk van die volgende gevalle toegepas is om die uitvoergetal te verkry:



(3) Voltooi die volgende tabelle:

(a)

n	1	2	5	7		11	20
$28 - n$	27			21	20		

(b)

x	1	2	5	6		11	20
x^2	1				64		

(4) Skryf die verwantskap neer tussen x en die onderste getal in die volgende tabelle en voltooi dan die tabelle:

(a)

x	1	2	3	4	5	6	7
?	5		15			30	

(b)

x	18	30	48	60	72	660	18 000
?	3	5		10			

(5) Die afstand (km) wat 'n motor afgelê het word deur die volgende formule bereken:


$$\text{Afstand (A)} = \text{Spoed (S)} \times \text{Tyd (T)}$$

Tyd word gemeet in ure.

Spoed (S):	60		60		60		
Tyd (T):	2	3	4	5	7	8	10
Afstand (A):	120	180		300		480	600

(a) Voltooi die tabel.

(b) Stel die tabel (tyd op die horisontale as en afstand op die vertikale as) voor op 'n grafiek.



(c) Is die motor se spoed konstant? Motiveer jou antwoord.

(d) In watter eenheid word die spoed gemeet? _____

(e) Gebruik jou grafiek en beantwoord die volgende vrae. Toon op die grafiek aan waar jy die aflesings gemaak het.

(i) Watter afstand sal na 6 ure afgelê word? _____

(ii) Hoe lank sal dit die motor neem om 450 km af te lê? _____